AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG VR 1 NOVEMBER 2006

Algemeen
Die kandidate moet afgerig word om instruksies nougeset te volg.Kandidate word gepenaliseer indien hulle dit nie doen nie.
Die kandidate moet gedril word om elke vraag op ‘n nuwe bladsy te begin.
Spasieëring tussen vrae, m.a.w. netjiese aanbieding van antwoorde, moet aangemoedig word.
Vrae word nie korrek genommer nie.
Die Opsomming moet puntsgewys aangebied word.
Kandidate laat nog antwoorde of vrae uit.

AFDELIING A

VRAAG 1,2 en 3
Kandidate voer nie opdragte by spesifieke vrae uit nie. As hulle gevra word om in volsinne te skryf, word enkele woorde as antwoord aangebied en omgekeer.
Kandidate ken nie die verskil tussen ‘n sinsdeel en ‘n sin nie. Hulle bied die hele paragraaf as antwoord aan en is dus gepenaliseer.
By die Waar/Onwaar-vrae het kandidate oor die algemeen swak gevaar. Hulle skryf of slegs die eerste deel en laat dan die motivering uit of skryf slegs die motivering, sonder die Waar/Onwaar. Indien die eerste deel (Waar/Onwaar) verkeerd of weggelaat is, het die kandidaat die punt vir die tweede deel verbeur.
Die kandidate moet aan ‘n verskeidenheid tekste blootgestel word, want hulle het beduidend swak gevaar in Vraag 3, die strokiesprent.

AFDELING B

VRAAG 4 - Opsomming

Die kandidate het baie beter gevaar as in vorige jare.
Hulle word egter nogsteeds baie gepenaliseer vir direkte aanhalings of onvolledige sinne.
Sommige kandidate bied hierdie vraag nog in paraagraafvorm aan terwyl dit puntsgewys onder mekaar behoort te wees.
Daar is nog baie kandidate wat meer as een feit per punt aan. Slegs die eerste sin word nagesien.
AFDELING C

VRAAG 5

Hierdie vraag is oor die algemeen uiters swak beantwoord.
Die kandidate MOET meervoude, verkleining en diesmeer afgerig word.
Baie drilwerk is nodig om verbuigings en ander woordstrukture vas te lê.

VRAAG 6

Eenvoudige sinstrukture soos; Begin met: Vandag... , Nee,... kon deur die oorgrote meerderheid van die kandidate nie beantwoord word nie.

Die kandidate het meestal nie geweet wat getoets word nie. Opvoeders moet hierdie sinstrukture behoorlik onderrig en voortdurend toets.
Die Lydende en Bedrywende vorm asook die Direkte en Indirekte rede is swak beantwoord..

VRAAG 7

Die kommunikasievraag is veronderstel om alledaagse kommunikasievaardighede te toets. Hoe wens ‘n mens iemand geluk, waar jy rigting, vra jy om verskoning ens. Hierdie vaardighede kan met welslae d.m.v. rolspel en dramatisering geoefen word.

ALGEMENE WENKE

Alle eksamenvraestelle moet volgens die nasionale riglyndokument opgestel word.
Kandidate moet selfs tydens klasoefening aan die tipe vrae en vraagstelling blootgestel word.